# KUNSTIGE SWELLENDAMMERS BEÏNDRUK

Saamgestel deur GRIZÉLL AZAR-LUXTON

Na 'n besoek verlede jaar aan Swellendam tydens die 150-jaarviering van die Swellendam Biblioteek het Ronel Mouton, streekbibliotekaris van die Swellendamstreek onderneem om vir ons foto's te stuur van die puik uitstallings wat voortdurend deur bibliotekarisse in dié streek aangebied word.

Ons was aangenaam verras om so 'n volledige versameling te ontvang maar waardeer dit opreg. Die kwaliteit en oorspronklikheid van die uitstallings beïndruk werklik. Dit bevestig net weereens wat ons al die jare beweer – 'n bibliotekaris is nie net iemand wat help om boeke aan te beveel, inligting op te spoor, skooltake na te vors en die talle navrae waarmee hulle daagliks gekonfronteer word, uit te sorteer nie – dít te midde van al die ander take wat hulle daagliks moet verrig. Nee, hulle is ook kunstenaars in eie reg, soos wat die uitstallings op die volgende paar bladsye terdeë bewys.

Aan almal in die Swellendamstreek, baie dankie vir al die moeite wat ooglopend gedoen word – ons is seker daarvan dat die gebruikers dit oneindig geniet en waardeer en hulle kom sodoende ook baie meer te wete van die boekvoorraad in julle biblioteke.

En op hierdie noot, ook 'n groot dankie aan die talle ander biblioteke wat gereeld gedurende die jaar vir ons voorbeelde van uitstallings stuur. Dit dien as inspirasie, nie net vir ons nie, maar ook vir u kollegas om te sien wat gedoen kan word ten spyte van die druk waaronder almal tans verkeer.



Hou die leesgogga dop! 'n Oorspronklike interpretasie en gebruik van woorde (Ashton Biblioteek)






Dit het harde werk gekos om hierdie seelewe-uitstalling te maak (Ashton Biblioteek)

Excellent use of the side of the bookshelf for a Christmas display (Ashton Library)



Klem op VIGS. Eenvoudig maar treffend! (Barrydale Biblioteek)

Clever use of a small space to promote sport (Barrydale Library)



Hier word die jong-span gelok om meer oor diere te leer (Bonnievale Biblioteek) ➤







⮝ Goeie gebruik van groot letters - 'n eenvoudige dog treffende uitstalling (Bonnievale Biblioteek)








⮝ 'n Leersame uitstalling (Bredasdorp Biblioteek)

⮜ Hier word 'n relatief klein area rakspasie nuttig gebruik om 'n plaaslike skrywer en haar werk bekend te stel (Bredasdorp Biblioteek)




*Bevordering van die populêre Griller-reeks (Swellendam Biblioteek)*




*What boy won't relate to this colourful and playful display? (Happy Valley Library)*

Uitstekende gebruik van groot, leesbare letterwerk wat netjies vertoon word (Happy Valley Biblioteek)




*Hergebruik van 'n plakkaat wat jare gelede gemaak is - goeie gebruik van boekrakke (McGregor Biblioteek)*







'n Treffende uitstalling wat handwerk aanmoedig (Montagu Biblioteek)




Slim gebruik van bewertjies (Montagu Biblioteek)




'n Leersame voorstelling van die planete (Montagu Biblioteek)




Die gebruik van strookprentkarakters sal jong gebruikers lok om dié belangrike boodskap in te neem (Montagu Biblioteek)

Nog 'n 'warm' gedagte uit Montagu - hier word die populêre 'Roete 62' bevorder






*Slim gebruik van rooi linte om gebruikers van VIGS bewus te maak (Mountain View Biblioteek)*




*A delightful handmade Nativity display (Mountain View Library)*









*Vakansietyd! Hierdie kleurvolle uitstallings is gemik op beide volwassenes en kinders (Napier Biblioteek)*



'n Deel van die boekrak word gebruik vir hierdie leersame uitstalling. Let op die gebruik van 'n plakkaat wat ook jare gelede aan biblioteke verskaf is (Nuwerus Biblioteek)




Valentynsdag - altyd 'n populêre tema (Railton Biblioteek)



Engeltjies waak oor die kinderafdeling in Robertson Biblioteek



Die herfs- en winteruitstalling laat 'n mens behoorlik brrr! (Robertson Biblioteek)

*'n Lekker warm gevoel-uitstalling (Sunnyside Biblioteek)*






*Jong gebruikers word aangemoedig om kersuitstallings te maak (Sunnyside Biblioteek)*




*Om deel van 'n groep kampioenlesers te wees en jou naam op 'n bottel te kry kan net tot groter aansporing lei (Sunnyside Biblioteek)*




*'n Oorspronklike wyse waarop jong gebruikers besef hulle is nie net 'n nommer nie (Sunnyside Biblioteek)*




Trefwoorde, 'n vingerafdruk en die misdaadboodskap kan nie duidelíker gestel word nie (Swellendam Biblioteek)




Almal behoort op hierdie belangrike onderwerp attent te wees (Welverdiend Biblioteek)




Die teddiebeerplakkaat verskaf deur Provinsie vorm 'n fokuspunt vir hierdie vriendelike beertjie-uitstalling (Zolani Biblioteek)

*Nota: Alle foto's is deur Ronel Mouton op haar selfoon geneem. Moderne tegnologie is werlik wonderlik!*